# 9. SAALOPENING: God se rekords

## <u>Inleiding</u>:

Wie van julle het al van die boek *Guinness World Records* gehoor of self daarin gelees? Om daardeur te blaai is nogal WOW! Jy dink daaraan…. en iemand het reeds ‘n wêreldrekord daarin behaal. Om nie eers te praat van die dinge wat jy nie eers in jou wildste drome gedink het menslik moontlik is nie! Daar is ‘n Guinness World Records-kategorie vir bykans alles onder die son: van toonstoei tot onderwater soen!

Wie van julle wil vandag probeer om gou ‘n rekord te breek?

## <u>Speletjies</u>:

1. Jellybeans volgens geure met ‘n koeldrankstooitjie sorteer:

Euan Hamilton van Engeland hou die rekord deur 30 jellybeans met ‘n koeldrankstooitjie in vyf geure te sorteer in 1 minuut en 3.58 sekondes.

2. Geldstukkies laat tol:

Scott Day van Engeland het ‘n geldstukkie vir 19.37 sekondes laat tol voordat dit tot stilstand gekom het.

3. Kougomborrels blaas:

Nadat sy ‘n uur lank gekou het, het Joyce Samuels van die VSA ‘n kougomborrel geblaas met ‘n deursnee van 28cm – deur haar neus!

## <u>Boodskap</u>:

Het julle geweet dat die Guinness World Records een van die wêreld se topverkopers is? Daar is egter ‘n ander boek wat die rekord breek. Wie weet watter Boek dit is? Die Bybel natuurlik.

***Kom ons kyk gou na ‘n paar rekords rondom die Bybel:***

- Die Bybel, of dele daarvan is in meer as 1 600 tale vertaal (Guinness Word Records slegs na 37 tale).
- Die Bybel het 1 600 jaar geneem om te voltooi.
- Die Bybel is deur 40 mense uit drie kontinente oor ‘n tydperk van 1 600 jaar geskryf, en almal stem saam oor die boodskap van die Bybel.

Die Bybel se boodskap sal ook nooit ophou bestaan nie:

Jes 40:8 “Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig”

Mark 13:31 “Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit”

Vanoggend wil ek net vir julle kom vertel watter AMAZING Boek die Bybel, die Woord van God is, en dat daar soveel wonderlike goed daarin geskryf staan. Goed wat sommer net interessant is, goed wat ons nodig het in ons verhouding met God, goed wat ons help vir elke situasie waarin ons kan wees. Die Bybel is die Woord van God, waarvan die Woorde self deur die Heilige Gees vir mense gegee is om neer te skryf, en DIT maak dit die beste boek in die wêreld!!

Miskien is dit tyd dat jy weer jou Bybel optel en begin lees…..

***So paar interessante feite in die Bybel:***

- Noag, sy familie en die diere was altesaam ongeveer 364 dae in die ark gewees.
- Die oudste man op aarde was 969 jaar oud gewees, sy naam was Metusalag (Gen 5:27)
- Die jongste koning op aarde was 7 jaar oud gewees – Joas (2 Kon 11:21)
- God het die son agteruit laat beweeg (Jes 38:8)
- God het die son laat stilstaan (Jos 10:13)
- God het ‘n donkie laat praat (Num 22:28)

## SLUIT AF MET GEBED

**Verwerk uit**: God se Boek van Wêreldrekords deur Tania Schultz Bl. 5 en 9